Voedselprojek,

Dorkas se Kombuis

Ons gemeente verskaf al etlike jare hulp aan die Hoërskool HF Verwoerd (Rietondale Secondary School) by wyse van voedselpakkies wat weekliks by die skool afgegee word vir gesinne met wie dit nie so goed gaan nie.

Ons het altyd gepak vir 9 gesinne, maar nadat ons op 11 Julie 2019 met die maatskaplike werkster by die skool, Suzette Kotze, gesels het is bevestig dat die nood tans by 25 gesinne bestaan.

Soos altyd was die gemeente se harte oop en kon ons tot en met einde Julie, 25 pakkies pak vir elke week.

Vanaf Aug 2019 stuur ons 13 pakkies, dan 12, 13, 12 en so help ons dat elke gesin 2 maal per maand ‘n pakkie kry.

Die projek word befonds deur **(‘n GROOSTE DANKIE AAN ELKEEN)**:

1. Kontantdonasies deur die gemeente
2. Kos- en toiletwarebydraes wat elke week (grootliks tydens die eredienste) by die kerk afgegee word deur gemeentelede
3. Gemeentelede het selfs kollega’s, familie en vriende betrokke wie ook skenkings maak
4. Bydrae deur die kerk self in die jaarlikse begroting ingewerk

‘n Weeklikse pakkie bestaan tans byvoorbeeld uit:

- 1x 500g Pasta **of** 1 kg meel **of** 1 kg rys (groot maat word tussen die gesinne verdeel)
- 1x blikkie pilchards **of** bully beef **of** boksie soya maalvleis (200g)
- 1x blikkie baked beans **of** ander blikkie groente
- 1x pakkie sop
- 1x rolletjie toiletpapier
- 1x 450 g konfyt **of** 1x 400 g peanut butter
- 1x aanmaakkoeldrank **of** klien pakkie koekies
- 2 Uie, 4 of 5 aartappels en 5 wortels

Een keer ‘n maand probeer ons 1x seep, 1x tandepasta, bietjie rooibostee/koffie, 1kg suiker, en 1x 750 ml olie (om uie te braai) inpak.

Die terugvoer van die skool is dat ons **WERKLIK** ‘n verskil maak en dat ons die enigste instansie is wat die kospakkieprojek ondersteun en befonds. Die waardering is groot.

Indien jy graag ‘n donasie wil maak, hier is die bankbesonderhede:

Bank: Capitec, Takkode: 470010, Rekeningno.: 1651207613, Naam: M Janeke

Kontak asb vir Marlie (082 331 0591)